**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **BEGRIP** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **TAAL** | **(50)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE AFDELING op ‘n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met ‘n swart of blou pen.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwrd dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

**AFDELING A: BEGRIP**

VRAAG 1: ARTIKEL
Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**OOIT GEWONDER WAT MAAK 'N VOËL 'N SEEVOËL? ALS OOR DIÉ UNIEKE SPESIE**



Daar is meer as 350 spesies seevoëls in die wêreld, en Suid-Afrika kry 132 van hierdie spesies aan ons kus. Seëvoels doen beter op eilande, waar hulle veilig kan wees van landroofdiere. Gelukkig het Suid-Afrika baie eilande vir hierdie voëls, en ons kan dus 'n groot verskeidenheid van voëllewe geniet.

**Wat maak 'n voël dan 'n seevoël?**
Voëls wat aangepas het om by die see of naby die see te leef, word seevoëls genoem. Sommige van hierdie voëls woon ver op die see en hulle kom net land toe om te teel. Seevoëls wat naby die see woon, woon gewoonlik in kolonies ('n groot groep voëls wat saam nes maak of slaap) op eilande.

Vir seevoëls is die see 'n lewensbelangrike bron van kos. Hulle eet meestal visse en skulpvis. Seevoëls het aangepas by 'n lewe op see, veral deur langer te leef, later te teel en minder kleintjies as ander voëls te hê.

Hulle bly lank saam met hul kleintjies en maak hulle meestal groot in kolonies wat beskerming teen roofdiere gee. Sommige van hierdie kolonies is klein, en sommige kan uit miljoene voëls bestaan! Baie spesies seevoëls is migrerend, wat beteken dat hulle elke jaar op lang reise gaan. Kom ons bekyk sommige seevoëlspesies van nader:

**Pikkewyn**
Pikkewyne is vluglose voëls wat goed aangepas is vir ysige water danksy hul geïsoleerde vere (vere wat hitte hou en hulle warm hou) en vetreserwes (vetstore wat warmte en energie gee). Eerder as vlerke om mee te vlieg, het pikkewyne gespesialiseerde vinne wat van hulle goeie swemmers maak.

Hoewel ons pikkewyne gewoonlik met ysige water verbind, is daar sommige spesies, soos die Galápagos-pikkewyn, wat in tropiese areas voorkom.

Daar is 18 spesies pikkewyne en hulle verskil baie in grootte en gewoontes. Die brilpikkewyn is endemies aan Suid-Afrika. Hulle word ook die Afrikapikkewyne genoem. Daar is kuskolonies op Boulders-strand naby Kaapstad en die Stony Point-natuurreservaat op Bettiesbaai. Die brilpikkewynbevolking het die afgelope eeu met 99% afgeneem.

**Albatros**
Die albatros is een van die grootste vlieënde voëls in die wêreld. Hul massiewe vlerke kan tot 3,7m lank word, en hul smal ontwerp maak dit vir die albatros moontlik om tot groot hoogtes te styg. Die albatros se vlerke help hulle om ure lank op 'n briesie te sweef. Hulle kan maande in die lug wees sonder om te land!

Anders as van die ander seevoëlspesies loop die albatros ook goed op land.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 11 November 2022]

1.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf NET die nommer en WOORD neer.

Die woord "unieke" in die titel beteken seevoëls is (mooi / spesiaal). (1)

1.2 Hoeveel seevoëlspesies kry ons aan Suid-Afrika se kus? (1)

1.3 Wat eet seevoëls? Noem EEN ding. (1)

1.4 Skryf EEN manier neer hoe seevoëls aangepas het tot 'n lewe op see. (1)

1.5 Vul die KORREKTE woord in die spasies in. Skryf SLEGS die vraagnommer en die WOORD neer.

Om veilig te wees van roofdiere, bly seevoëls op 1.5.1 ... in die see, en in groot 1.5.2 ... saam met ander seevoëls. (2)

1.6 Pas die beskrywing in KOLOM B by die term in KOLOM A. Skryf SLEGS die nommer en korrekte LETTER neer, bv. 1.6.1 F

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 seevoëls | A Gaan op lang reise. |
| 1.6.2 kolonies | B Hou hulle warm. |
| 1.6.3 geïsoleerde vere | C Bron van kos. |
| 1.6.4 migrerend | D Woon by die see. |
| | E Groot groep voëls. |

(4x1) (4)

1.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf NET die nommer en die LETTER neer, bv. 1.7 E

"Pikkewyne is <u>vluglose</u> voëls beteken pikkewyne ...

A maak lawaai.
B hou nie van koue nie.
C is dom.
D kan nie vlieg nie. (1)

1.8 Verduidelik in jou EIE WOORDE hoe pikkewyne se vinne hulle help. (1)

1.9 Alle pikkewyne woon in koue water.

Haal 'n SINSNEDE van AGT woorde aan om te wys waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Gee EEN WOORD wat die brilpikkewyn ook genoem word. (1)

1.11 Waar in Suid-Afrika sal jy die brilpikkewyn vind? Gee die STAD se naam. (1)

1.12.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf die nommer en die LETTER neer, bv. 1.12.1 E

"Die brilpikkewynbevolking het die afgelope eeu met 99% <u>afgeneem</u>" beteken die pikkewyne het ...

A weggekruip.
B opgegaan.
C minder geword.
D weggehardloop. (1)


1.12.2 Hoekom dink JY het die brilpikkewyn se bevolking afgeneem? (1)

1.13 Haal VYF OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat sê dat die albatros hoog vlieg. (1)

1.14 Wat, volgens die teks, doen 'n albatros beter as ander voëls? (1)

1.15 Wat is die doel (*purpose*) van hierdie artikel? (1)
**(20)**

VRAAG 2: GRAFIEK
Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit *Google*, 26 April, 2023]

2.1 Noem DRIE pikkewyne wat Nie-bedreig is. (3)

2.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf SLEGS die nommer en die KORREKTE woord neer.

Volgens die grafiek is die Galapagos 2.2.1 (groter / kleiner) as die Witoor, en die Langkuif is 2.2.2 (groter / kleiner) as die Klein. (2)

2.3 In watter land vind ons die Brilpikkewyn? (1)

2.4 Ons moet bekommerd wees oor die status van die Geeloog.

Verduidelik waarom hierdie stelling WAAR is. (1)


2.5 Verduidelik in jou EIE WOORDE wat jy dink "kritiek" beteken. (1)

2.6 Hoe laat hierdie grafiek jou oor pikkewyne voel? (1)

2.7 Wat het jy uit hierdie grafiek geleer? (1)
**(10)**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: TAAL**
**Sinstrukture:**




[Verwerk uit *Google*, 26 April 2023]

VRAAG 3
Skryf die volgende sinne in die korrekte WOORDORDE.

3.1 (is) (opgewonde) (elke dag) (Die kinders) (om skool toe te kom) (1)

3.2 (in die klas) (gooi) ('n papiervliegtuig) (Dirk) (1)

3.3 (gister) (gestamp) (Lisa) (die koppie water) (het) (van die tafel) (1)

3.4 (praat) (hard) (Juffrou) (in die klas) (altyd) (1)

VRAAG 4
Skryf die volgende sinne in die VERLEDE TYD.

4.1 Almal is mal oor skool. (1)

4.2 Juffrou het hierdie jaar ‘n lieflike klas. (1)

4.3 Die kinders speel met klei in die klas. (1)

4.4 Lisa moet die water skoonmaak. (1)

VRAAG 5
Skryf die volgende sinne in die TOEKOMENDE TYD.

5.1 Daar is baie prente teen die muur. (1)

5.2 Die kinders hou van hulle juffrou. (1)

5.3 Jane speel en tik elke oggend op die rekenaar. (1)

5.4 Dirk het baie vriende by die skool. (1)

VRAAG 6
Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

6.1 Lisa wil huis toe gaan. Sy moet eers die water skoonmaak. (maar) (1)

6.2 Juffrou gee Kuns. Die kinders teken baie prente. (dus) (1)

6.3 Lisa moet skoonmaak. Sy gaan huis toe. (voordat) (1)

6.4 Jane speel op die rekenaar. Sy het klaar skoongemaak. (omdat) (1)

6.5 Die kinders moet eers die klaskamer opruim. Hulle kan huis toe gaan. (dan) (1)

VRAAG 7
Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING / NEGATIEF.

7.1 Juffrou skryf op die bord. (1)

7.2 Iemand gaan die klaskamer skoonmaak. (1)

7.3 Daar is ‘n rugsak op die vloer. (1)

7.4 Die kinders skree. (1)

7.5 Die kinders wil nog met klei speel. (1)
**(22)**

**Woordstrukture:**
**LET WEL: Skryf by woordstrukture SLEGS die WOORD as antwoord neer. NIE die hele sin NIE!**



[Verwerk uit *Google*, 26 April 2023]

VRAAG 8
Gee die MEERVOUD van die woorde tussen hakies.

8.1 Daar is agt (dier) in die prentjie. (1)

8.2 Ek hou baie van (seekoei). (1)

8.3 Almal in die prent is (maat). (1)

8.4 Dink jy ons sal (kreef) in die bos sien? (1)

VRAAG 9
Gee die VERKLEINWOORD van die woorde tussen hakies.

9.1 Die (jagluiperd) kruip in die gras weg. (1)

9.2 Die baba (seekoei) soek sy mamma. (1)

9.3 Ek sien 'n klein (aap) op 'n tak. (1)

9.4 Die kameelperd het 'n (kol) op sy maag. (1)

VRAAG 10
Skryf die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woorde tussen hakies neer.

10.1 Daar is nie 'n (leeumannetjie) in die prent nie. (1)

10.2 Die (seekoeikoei) maak my bang. (1)

10.3 Die leeu is die (konignin) van die oerwoud. (1)

10.4 Die olifant se (neef) gaan kom kuier. (1)

VRAAG 11
Kies elke keer die korrekte VOORSETSEL.

11.1 Die apie sit (met / op) die tak. (1)

11.2 Die vlinders vlieg (om / te) die boom. (1)

11.3 Die diere woon (met / in) die woud. (1)

11.4 Die kameelperd is lief (op / vir) sy lang nek. (1)

VRAAG 12
Vul die korrekte VOORNAAMWOORD in.

12.1 My sussie gee elke dag vir ... kat kos. (1)

12.2 My broer sê dat ... ‘n leeu sien. (1)

12.3 Daar is ‘n klomp apies in die boom. ... speel lekker saam. (1)

12.4 Ek gaan saam met ... familie na die dieretuin. (1)

VRAAG 13
Skryf die korrekte DIEREGELUID vir elk van die diere neer.

13.1 Die bobbejaan ... in die veld. (1)

13.2 Die kanarie ... in die boom langs die aap. (1)

13.3 Die bye ... saam met die vlinders. (1)

13.4 Die jakkals ... in die verte. (1)

VRAAG 14
Kies die korrekte VRAAGWOORD om die sin te voltooi. Die antwoord is gegee om jou te help.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wanneer | Hoekom | Wie se | Wie |
| Waarop | Watter | Hoe laat | Hoeveel |

14.1 ... strepe het die sebra? *14 Strepe*. (1)

14.2 ... het die langste nek? *Die kameelperd.* (1)

14.3 ... sit die aap? *Op ‘n tak*. (1)

14.4 ... staan almal daar? *Want leeu wil met almal praat.* (1)
**(28)**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 80**